# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Posbus 1989 Tzaneen 0850
***Voorsitter (****Wallie van Dyk) Tel: 083-452 24*
***Ondervoorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 538*
***Sekretaris*** *(Abel Botha): Tel: 082-773 1488*
**Tesourier** (Adriaan Willems) : Tel: 083-448 5201
**e-mail :** mwabelb@mweb.co.za
**Redaktrise** : Annie Botha 083-4076921 **e-mail** : annieb2@mweb.co.za

## Notule van Bestuursvergadering 4 Maart 2004

**1. OPENING & VERWELKOMING :**

Karl open die vergadering met gebed. Wallie heet alle lede welkom en bedank vir André dat hy die vorige vergadering waargeneem het. Wallie lees 'n brief voor van Fritz Sonntag waarin hy bedank as bestuurslid van BJV Letaba tak. Hy is bereid om nog doe opleiding te doen. Wallie bedank Fritz namens die bestuur vir dit wat hy gedoen het vir die vereniging. Carel Buitendag word deur die Bestuur geko-opteer as bestuurslid in Fritz se plek met ook die portefeulje van Opleiding saam met André le Grange.

**2. DOELSTELLINGS**

Wallie lees die Doelstellings van BJV

**3. TEENWOORDIG**

**Bestuur :**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wallie van Dyk | Vic Osmers | Adriaan Willems | Chris de Wet |
| Johan Ehlers | Aubrey Potgieter | Marius v Rensburg | Schalk Robinson |
| Karl Osmers | Abel Botha | | |

**Lede :**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ben Pretorius | Carel Buitendag | Deon Davel | Ivy Iveson |
| Nols Thiart | Cor olivier | Albert Herbst | |

**4. VERSKONINGS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| John Eastes | Annie Botha | André le Grange | Dries v Niekerk |
| Tino Ceronio | Gustav von Below | | |

**5. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE**

**5.1 Sake voortspruitend uit vorige notule**

Sal onder gelyknamige items behandel word

**5.2 Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**

Die notule van die vorige vergadering (5 Maart 2004) word goedgekeur & geteken.

**6. VASSTELLING VAN AGENDA**

18.2 Wildsete

**7. FINANSIES**

7.1 Bankbalans R 29 137, tjek van R7300 vir stoele moet nog deurgaan.

7.2 Magaliesberg tak skenking – 'n Bedrag van R500 moet nog aan hulle oorbetaal word.

7.3 As 'n lid 'n direkte inbetaling in BJV rekening doen, moet die bewys aan Adriaan deurgefaks word.

**8. NUWE LEDE**

**Phalaborwa lede** Ivy & Heimo is besig daarmee. Heimo sal verder met hulle handel.
**Ander :** Barend van Niekerk & gesin, KG Linde & gesin

**9. KLUBHUIS & SKIETBAANGRONDE**

**9.1 David**

Daar is van David se salaris afgetrek vir die dae wat hy gedros het en daar is 'n ernstige gesprek met hom gevoer.

Tel nommers by deure en hek – **Dries** is besig daarmee. Cor het die skietbaanhek gesluit met nuwe slot en ketting.

**9.2** **Gras** is gesny deur Munisipaliteit

**9.3 Klubhuis**

Daar is 50 stoele en 10 tafels gekoop. Ivy het 100 plastiekborde gekoop. Daar moet nuwe toiletsitplekke gekoop word.
Die vergadering besluit dat daar tralie-skuifhekke voor die openinge bo die kroegtoonbank aangebring moet word. **Vic** sal ook kwotasies vir roldeure kry.
Die vergadering gee toestemming dat R800 beskikbaar gestel word om 'n nuwe kompressor vir die kroegyskas te koop.
**Ivy** sal vier waaiers in die klubhuis insit – Schalk sal moontlik 'n borg daarvoor kry.

**9.4** **Dranklisensie** – Nols het die proses aan die gang gesit – dit kan 3 – 4 maande duur. Ons kan in die tussentyd deur Willie van Liquor Lodge altyd 'n tydelike lisensie kry.

**9.5** **Inligtingsbord** – Alan Bissett sal een skenk – **Wallie** sal dit opvolg.

**9.6 Poslec Seta**

Johan Ehlers, Chris de Wet, André le Grange, Marius van Rensburg en Carel Buitendach sal die opleiding gaan doen as ge-akkrediteerde instrukteurs. Adriaan, Vic, Karl en Johan Ehlers sal akkrediteer as skietbaan offisiere.

**9.7 Elektrisiteitsrekening**

André en John is besig om op te volg.

**10. SKIETDAE**

**10.1 Skietdag 6 Maart :** (Verjaarsdag skietdag) word uitgestel na 8 Mei a.g.v. reën

**10.2 Bewegende leeuteiken**

Cor het die spoor opgesit en die waentjie en snellermeanisme gebou. Dit moet nog getoets word.

**10.4 Pietersburg Voorseisoen-Intertak skietdag**

Twee spanne sal gaan : Chris, Nols, Deon & Aubrey; en Wallie, Abel, Daan Roux & Daan Nel. Chris & Aubrey sal help as baanoffisiere

**10.5 Pro-Amm skietdag 2004**

Abel het 'n brief aan Pro-Amm gerig waarin ons vra dat dit weer hier aangebied word in November. Tex is tans oorsee, maar sal aandag daaraan skenk wanneer hy terug is op kantoor.

**11. OPLEIDING**

**11.1 Junior 1 kursus 15 – 18 April** op Guernsy

'n Maksimum van 25 kinders sal toegelaat word. Die prys is R290 per kind. Daar moet briefies oor die kursus by die skole uitgedeelword onder die standerd 4's en 5's. Die gelde moet voor die laaste dag van die skoolkwartaal inbetaal wees.

**11.2 Senior kursus 3 – 6 Mei**

Prys R150 – sluit handboek en etes in.

**11.2 Instrukteurskursus 20-22 Februarie**

Daar het slegs 4 kursusgangers opgedaag. Ons het dus 'n verlies gely op die kursus. Wallie lees 'n brief voor vanaf Magaliesberg tak waarin hulle ons bedank vir die kursus.

12. **KLEIDUIF** Staan oor

13. **BOOGJAG**
**Chris** & **Dries** sal bossies op die boogskietbaan laat spuit. Ons soek IBR sinkplate om die een afdak toe te maak vir 'n stoor. Alan Bissett sal vir ons 'n stoor vir die vuurmaakhout bou.

14. **HANDWAPENJAG** Staan oor.

15. **JAGGELEENTHEDE**
**Chris** sal 'n spesiale vergadering belê en die jaggeleenthede voorlê

16. **REDAKTRISE / PUBLIKASIES / PERS**
As Chris se jagpakette gefinaliseer is, moet **Annie** 'n nuusbrief daaroor uitgee.

17. **UITVOERENDE VERGADERING** Staan oor

18. **ALGEMEEN**

**18.1** Noodhulp beampte & noodhulptas : Die vergaderin gee toetemming dat Riaan van Wyk op BJV koste 'n opknappingskursus in noodhulp kan gaan doen. Hy moet 'n kwotasie voorlê oor wat dit gaan kos om die noodhulptas op te gradeer. Hy sal dan elke skietdag op bystand wees as noodhulpbeampte. Hy moet egter eers aansluit as lid.

**18.2** **Wildsete** Die saal is bespreek – koste R 1 500. Ons sal geen gasspreker hê nie.

**18.3** Daar is lapsakwapens beskikbaar teen R15

19. **VOLGENDE VERGADERING**
1 April 2004 18h00

Notule goedgekeur : Datum ………………………….

……………………………………………………………….. ………………………………………………………………..
Voorsitter Sekretaris